Riana Scheepers

# Saartjie, die spinnekop met sewe bene

Illustrasies – Elsabé Ebersöhn



www.lapa.co.za

Die eerste strale van die son maak vir Saartjie wakker. Sy het die hele nag snoesig tussen die kroonblare van ’n magrietjie geslaap, maar nou is sy reg vir die dag. En baie honger! Gister was die son agter die wolke. Teen laatmiddag was daar ook ’n reënbui. Daar was min goggas wat rondgevlieg het, almal het weggekruip vir die reën. Sy hoop daar kom sommer gou ’n vet vlieg of ’n ander goggatjie op die blom sit waar sy is, sodat sy ’n lekker ontbyt kan kry.





Sy strek haar pote een vir een uit.
Eers die vier lang voorpote wat baie sterk is.
1, 2, 3, 4 ... En toe die vier agterpote
wat baie korter is ... 5, 6, 7 en 8.
Sy weet sy moet nou weer tjoepstil sit, want as sy
ietsie wil vang, mag sy nie beweeg nie. Nie eens een
poot kan sy uitstrek nie, al jeuk die kloutjie
van poot nommer twee, of al kry sy 'n
kramp in poot nommer vyf.



Saartjie is ’n krapspinnekoppie.

Sy lyk glad nie soos ’n gewone spinnekop nie, sy lyk ... soos ’n krappie!
As sy haar voorpote optrek, sal jy dink dis ’n krappie wat daar
op die blom sit. En as jy dalk nie seker is nie, moet jy net sien
hoe sy van een plek na ’n ander loop – net so skeef soos ’n krap.



Maar, Saartjie is ’n spinnekop,
want, het jy al ’n krappie op ’n blom sien sit?



Die oggendsonnetjie
bak nou tog te lekker
op haar lyfie.

Sy is net so geel soos die magrietjie waarop sy sit. Haar agterlyf het mooi pers patroontjies op. Jy moet regtig mooi kyk voordat jy haar sien, omdat sy perfek gekamoefleer is.

Die goggas kan haar ook nie sien nie, dis hoekom Saartjie nooit té lank honger is nie.

Sy is klein, maar sy is 'n super-jagter wat haar prooi blitsvinnig met die sterk kloue van haar voorpote kan gryp.

Saartjie sit tjoep-tjoepstil en wag, maar niks gebeur nie. Nie een vlieg of by wil op haar blom kom sit nie. Sy sien hulle oral rondom haar vlieg, maar niks wil naby kom nie. Hoekom nie? Sien hulle haar? Onmoontlik! Sy lyk dan nés die blom! Sit sy stil genoeg?

Saartjie kruip nog dieper tussen die blaartjies in en sit nóg stiller, maar die goggas soek elke keer 'n ander blom om nektar te suig. Haar magie begin nou erg grom, want dit is regtig nou baie lanklaas dat sy geëet het.

Saartjie kyk versigtig in al die rigtings.

